

KONINKRYK

LES 24

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] PSALM 71, 73, 78 en 82

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Psalm 71, 73, 78 en 82). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] HERHALING VAN SLEUTELVERSE IN ROMEINE

Herhaal twee aan twee die vyf sleutelverse in die boek Romeine.

(6) Romeine 4:5. Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof (letterlik: word sy geloof gereken tot geregtigheid).

(7) Romeine 5:1-2a. God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons here Jesus Christus . Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan.

(8) Romeine 5:3-4. En dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry , want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop.

(9) Romeine 6:13. Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julleself in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.

(10) Romeine 6:23. Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus, ons Here.

4 BYBELSTUDIE (85 minute) [DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 6:12-23

Inleiding. Romeine 6:1-10 is 'n leerstellige uiteensetting oor "wat om te glo", terwyl Romeine 6:12-23 'n vermaning is "hoe om te lewe".

Romeine 6:17-23 is 'n bemoediging met betrekking tot die vooruitgang wat al gemaak is. Hierdie hoofstuk is 'n voorbeeld van die goeie volgorde om Christene op te bou: deur gesonde geloofsonderrig, deur konsekwente toepassing en deur aansporing om te volhard.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Romeine 6:12-23.

Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

6:12-15

Ontdekking 1. Paulus vermaan Christene dat hulle die verantwoordelikheid het om nie langer 'n onregverdige en onheilige lewe te ly nie, soos die nie-Christene van nature doen en soos die valse leraars wat teen die wet gekant is, leer.

(1) Die onwedergebore natuur en die sondige natuur.

- In Romeine 6:1-11 redeneer Paulus dat God “die ou mens” (die onwedergebore natuur of die absolute mag van hul onwedergebore sondige natuur) (Romeine 6:6) al weggeneem het.
- In Romeine 6:12-23 vermaan hy Christene om “die sonde” (“die verkeerde verlangens van die sondige natuur in het sterflike liggaam” wat nog in hul wedergebore toestand aanwesig is)(Romeine 6:12), nie langer te gehoorsaam nie. Romeine 6:12-13 leer dat Christene nie moet toelaat dat sonde die heerskappy voer in hul sterflike liggaam nie. Christene het die verantwoordelikheid om nie te lewe in ooreenstemming met hul sondige natuur nie, maar in ooreenstemming met hul wedergebore natuur (sien Galasiërs 5:16-18).

Christene moet liever die lede van hul liggaam (hul brein, oë, ore, mond, hande, voete, ens.) as “wapens (instrumente) ten dienste van die geregtigheid” (ANV: werktuig om te doen wat God wil) te stel (Romeine 6:13). Alhoewel die sondige natuur nog in die Christen aanwesig is, is die absolute (onweerstandbare) mag van die sonde gebreek! Christene is “vrygestel van die sonde”¹ (Romeine 6:7), d.w.s., permanent bevry van die skuld, onreinheid en mag van die sonde. Die sondige natuur in die wedergebore Christen is al veroordeel (gedoem) om vernietig te word. God is nou al besig om hierdie vonnis uit te voer deur die Christen wat “’n einde maak aan die sondige praktyke” en die nuwe en heilige lewe in die krag van die Heilige Gees leef (Romeine 8:13). Die Christen het dus uit genade die vermoë gekry om die sondige natuur in hom te weerstaan en om hom toe te wy aan die nuwe en heilige lewe.

(2) Lewe onder die wet en onder die genade.

Romeine 6:14-15 leer dat Christene nie “onder die wet” moet lewe nie. Christene mag en moet “onder genade” lewe. Paulus verklaar die verhouding tussen die wet en genade. Christene wat (sonder daarin te slaag) probeer om die verderflike invloede van hul sondige natuur te weerstaan, word deur Paulus aangespoor om “onder genade” te lewe (vergelyk dit met “lewe deur die Gees”)(Galasiërs 5:16-26).

- Baie mense lewe nog steeds “onder die wet”, d.w.s., hulle probeer in hul eie krag verlos (geregverdig) te word en God te behaag deur die werke van die (seremoniële) wet te onderhou, naamlik: *die Tora* van die Jode², *die wettisisme van sommige Christene* en *die Sharia* van die Moslems³. Die Bybel sê dat mense wat probeer om deur die werke van die wet geregverdig te word, faal. Die Bybel sê dat Jode, wettiese Christene en Moslems nie die wetlike/juridiese staat van die regverdiging en ook nie die morele staat van die heiliging het nie. Hulle is nie in staat om die nuwe, regverdige en heilige lewe te ly nie, omdat hulle dit in hul eie krag probeer doen.
- Maar mense wat “onder die genade” lewe, is mense wat deur God se genade en hul geloof in Jesus Christus verlos (geregverdig) is. Hulle het nie alleen die wetlike/juridiese staat van die regverdiging nie, maar ook die morele staat van die heiliging! Die Bybel sê dat sulke Christene nie kan aanhou om in die sonde te lewe nie. Hulle kan nog steeds in ’n bepaalde sonde val, maar *wil nie, kan nie en sal nie* in hierdie sonde bly lê nie (sien 1 Johannes 3:6-9). Hulle sal hulle van hulle sonde bekeer, die sonde bely en God se vergewing en genade aanneem om die sonde te kan weerstaan! Dus, om voortdurend die nuwe, regverdige en heilige lewe te kan ly, moet Christene God se genade verwelkom en gebruik (Hebreeërs 12:14-15)! Deur voortdurend God se genade in geloof te ontvang, *wil, kan en sal* hulle aanhou om die sondige natuur te weerstaan en om hulle toe te wy aan die nuwe, regverdige en heilige lewe. Die sondige natuur is wel die hele tyd aanwesig, maar deur te bly steun op die genade van God, sal dit nie meer die heerskappy oor die lewe van die Christen voer nie (Romeine 6:14).
- In vers 15 sê Paulus dat die leer van die regverdiging uit God se genade en deur die geloof in Jesus Christus (en sy volbragte verlossingswerk) geen Christen die reg gee om die morele wet van God (die Tien Gebooie) te verwerp nie en ongestraf aan te hou om sonde te doen nie. Alhoewel Christene nooit geregverdig word deur die wet te onderhou nie, het hulle die morele wet nodig om die verlore lewe van ’n Christen te lewe (sien hoofstuk 7).

6:16-23

Ontdekking 2. Paulus vermaan Christene dat hulle die verantwoordelikheid het om regverdig en heilig te lewe.

Christene moet nie langer slawe van hul sondige natuur bly en die sondige dae bly doen wat by die sondige natuur hoort nie. In plaas daarvan moet Christene slawe van die geregtigheid wees, d.w.s., hulle bly toewy aan die regverdige

¹ Grieks: “Elkeen wat glo (onvoltooid teenwoordige tyd) deur Hom vrygespreek word (onvoltooid teenwoordige tyd) van alle sondes, waarvan die wet van Moses julle eens en vir altyd nie kon vryspreek nie (aoristus)” (Handelinge 13:38-39). Dus ook in Romeine 6:7: “*permanent bevry van die sonde*” (skuld, onreinheid en mag) (Grieks: *dedikaiótai* (voltooid teenwoordige tyd) apo tés hamartias. Geregverdig, vrygespreek, bevry!

² Die werke van die wet (die Tora vir Jode)(vóór 1444 v.C.) bestaan uit die volgende: jy moet glo dat God één is (Deuteronomium 6:4); jy moet drie keer per dag bid (Daniël 6:11); jy moet vier keer per jaar (Sagaria 8:19) en twee keer per week (Lukas 18:12) vas; jy moet ’n tiende van jou inkomste aan jou godsdiens gee (Maleagi 3:10); en jy moet drie keer per jaar ’n pelgrimsreis na Jerusalem maak (Deuteronomium 16:16). Ander belangrike wette is: manlike kinders moet besny word (Leviticus 12:3) en vrouens is onrein tydens hul ongesteldheid (Leviticus 12:4-5); jy moet die Sabbat op Saterdag onderhou (Eksodus 23:12); jy mag nie varkvlies eet nie (Deuteronomium 14:8) en vrouens moet vroulike kleding dra (Deuteronomium 22:5).

³ Die werke van die wet (die Sharia vir Moslems)(ná 722 n.C.)(meer as 2000 jaar later!) bestaan uit die volgende: jy moet glo dat God één is; jy moet vyf keer per dag bid; jy moet een maand per jaar vas; jy moet ’n veertigste van jou inkomste aan jou godsdiens gee; en jy moet eenmaal in jou lewe ’n pelgrimsreis na Mekka maak. Ander belangrike wette is: jy moet besny wees; jy moet aan die byeenkomste op Vrydag in die Moskee deelneem; en jy mag geen varkvlies eet nie, en vrouens moet vroulike kleding dra. Dit is duidelik dat die Sharia van die Islam die seremoniële wet van die Jode nagevolg het!

en heilige staat (posisie) en ook die regverdige en heilige lewe bly wys deur die lede van hul liggaam beskikbaar te stel aan regverdige en heilige daede. Terwyl Johannes 15:15 en Galasiërs 5:1 leer dat alleen onderwerping aan Christus tot ware vryheid lei, illustreer Paulus in hierdie verband die ware staat of toestand van die regverdiging met twee illustrasies oor die verhouding tussen 'n slaaf en sy baas.

(1) Lewe onder die heerskappy van die sonde of onder die heerskappy van die geregtigheid.

Vóór hul bekering het Christene hul vrywillig toegewy om slawe van hul ou baas, “die sonde”, te bly. Dit wil sê aan die sondige natuur saam met al die manifestasies van ongehoorsaamheid. “Die sonde” is so 'n magtige baas dat nie-Christene nie in staat is om (in God se oë) iets goeds te doen nie, maar alleen “die kwaad” te gehoorsaam. Die gevolg van lewe onder die heerskappy van die sonde is dat nie-Christene (ongelowiges) “geestelik dood” is (Efesiërs 2:1), “liggaamlik sal sterwe” (Hebreeërs 9:27) en daarna “die ewige dood (of hel) sal beërwe” (Openbaring 21:8).

Maar by hul bekering het Christene hul toegewy om slawe te wees van hul nuwe baas, “die geregtigheid” saam met al die manifestasies van gehoorsaamheid. Hier word verwys na al die aspekte van “die geregtigheid” en beteken dieselfde as “verlossing” in al sy aspekte (sien Romeine 5:17). “Die geregtigheid” is so 'n magtige baas dat Christene in staat is om alles te doen wat (in God se oë) goed is. Die gevolg van lewe onder die heerskappy van die geregtigheid is dat Christene “geestelik lewend” is (Efesiërs 2:4-10), by die wederkoms van Christus liggaamlik uit die dood sal opstaan (Filippense 3:20) en “nooit in die verdoemenis (of hel) sal kom nie” (Johannes 5:24)!

(2) Die gevolge van lewe in diens van die onreinheid en wetteloosheid of in diens van die geregtigheid tot heiliging (Romeine 6:19).

Dus, Paulus leer dat geen enkel mens sonder “'n baas (meester)” kan lewe nie! Niemand in die wêreld is regtig “vry” of “onafhanklik” in die sin van geen baas oor sy lewe te hê nie. Elkeen in die wêreld het 'n baas aan wie hy hom vrywillig onderwerp het en hierdie baas is “die sonde” of “die geregtigheid”.

Die baas “sonde” dwing 'n mens om die lede van sy liggaam as werktuie ten dienste van die ongeregtigheid te stel. Dit lei tot “'n toestand van onheiligheid” waarin hy nie meer in staat is om die sonde te weerstaan nie of God te gehoorsaam nie. Dit beteken dat hy “dood” is in die volste sin van die woord.

Maar die baas “geregtigheid” verplig 'n Christen om die lede van sy liggaam as werktuie ten dienste van die geregtigheid te stel. Dit lei tot “'n toestand van heiligheid” waarin hy in staat is om die sonde te weerstaan en God te gehoorsaam. Dit beteken dat hy “leef” in die volste sin van die woord.

Wanneer 'n Christen weet dat hierdie die gevolge is van dienslewering aan die sonde of aan die geregtigheid, dan sal hy liever homself toewy aan volhardende trou aan Jesus Christus.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 6:12-23 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Besprek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

Vraag 1. Wat leer Romeine 6 oor heiliging?

Aantekeninge.

(1) Wat is heiliging (d.w.s. 'n nuwe mens word)?

Die ou mens. Romeine 6:6 sê, dat “ons ou (ANV: sondige) mens” (Grieks: ho palaios anthrōpos) of “ons ou self” met Jesus Christus gekruisig is. Die tydsaanduiding van hierdie werkwoord toon aan dat die ou onwedergebore natuur in sy geheel *eens en vir altyd* beslissend gedood is. “Ons ou mens” is die innerlike staat en die uiterlike toestand van ons wese vóór die wedergeboorte. Die ou mens word nie gedood deur 'n lang proses gedurende 'n lang tyd nie, maar onmiddellik en heeltemal by die wedergeboorte!

Die nuwe mens. “Heiliging” (Grieks: hagioσmos) verwys na “ons nuwe mens” en is die innerlike staat en die uiterlike toestand van ons wese *vanaf die wedergeboorte*. In Romeine 6:19 en 22 verwys die woord “heiliging” nie na die proses van heiligmaking nie, waarin ons gedrag steeds meer heilig word. Dit verwys eerder na die staat van die heiliging waarin die Christen by die wedergeboorte onmiddellik en heeltemal “heilig” (afgesonder van die sonde en toegewy aan die geregtigheid) geplaas is. “Jesus Christus is ons... heiliging” (1 Korintiërs 1:30). “Sonder heiliging sal niemand die Here sien nie” (Hebreeërs 12:14) (sien Johannes 3:3,7). Dit is 'n verwysing na die vermoë wat God gee om die sonde te weerstaan, Hom van harte te gehoorsaam en die nuwe en heilige lewe te ly. In Romeine 6 lê die nadruk nie op die proses van die heiligmaking nie, maar op die staat van die heiliging. Die nadruk lê op die eens-en-vir-altyd beslissende breuk met die sonde en die mag van die sonde en op die vermoë en toewyding aan die geregtigheid.

(2) Wat is die doel van die heiliging ('n nuwe mens word)?

Die doel van die nuwe mens is dat die lede van sy fisiese liggaam nie langer deur sy sondige natuur (sondige neiginge) bepaal en beheers word nie en nie langer as werktuie ten dienste van die ongeregtheid (sonde) gestel word nie.

“Die liggaam van die sonde” (Grieks to sóma tés hamartias) (ANV: ons sondige bestaan) (Romeine 6:6) is ons fisiese liggaam soos dit deur die sondige natuur bepaal, beheers en misbruik word as werktuie om die sondige natuur (wat nog in die Christen aanwesig is) te dien. Volgens Romeine 6:6 is die doel van die *eens-en-vir altyd beslissende* kruisiging (sterwe met Christus) van ons ou mens (die onwedergebore natuur) om die liggaam van die sonde ongedaan gemaak en so die slawerny aan die sonde (ons sondige natuur) te beëindig. Die kruisiging van ons onwedergebore natuur maak dat die lede van ons liggaam nie langer slaaf van ons sondige natuur meer is nie – die lede van ons fisiese liggaam word as werktuie van die sondige natuur magteloos gemaak, selfs uitgeroei. Die liggaam van die sonde is al veroordeel om vernietig te word en hierdie vonnis word nou al uitgevoer deur die nuwe en heilige lewe te lewe in die krag van die Heilige Gees (Romeine 8:13).

Wanneer 'n mens 'n (wedergebore) Christen word, sou sy fisiese liggaam nie langer deur sy sondige natuur bepaal, beheers en misbruik moet word nie, maar volgens Romeine 6:16 bepaal en beheers moet word deur sy wedergebore staat, d.w.s., deur sy staat van geregtigheid (sy regverdige/verloste posisie in God se oë) wat sig openbaar in sy staat van heiliging (die vermoë om die sonde te weerstaan en God te gehoorsaam) (Romeine 6:18-19; Galasiërs 5:16-26).

(3) Waaruit blyk die heiliging in die lewe?

Die bewys dat iemand 'n nuwe (wedergebore) mens geword het, is dat hy in die staat van heiliging lewe, d.w.s., die staat en toestand waarin die mag van die sonde in hom gebreek is (gestorf het, dood is) (Romeine 6:2,7,11).

Die Christen wys dat hy nie langer 'n slaaf van sy sondige natuur in die onwedergebore mens is nie (Romeine 6:6), wanneer hy:

- wys dat hy “'n nuwe lewe ly”: wedergebore, regverdig en heilig (Romeine 6:4)
- homself “altyd onthou dat hy vir die sonde dood is, maar vir God lewe”: 'n Christen is wat vir God lewe en onder die heerskappy van en in gehoorsaamheid aan God lewe (Romeine 6:11)
- “die lede van sy liggaam as werktuie van die geregtigheid ten dienste stel” (Romeine 6:13,19)
- van harte “gehoorsaam geword het aan die leer soos julle dit deur die oorlewering ontvang het”. Letterlik: aan die vorm/patroon van die leer/onderrig” (Grieks: tupos didachés) waaraan Christus die Christene oorgegee het (Romeine 6:17). Dit is 'n beter vertaling dan: “die voorbeeld van die leer.”

(4) Wat is die motivering vir die heiliging?

Die belangrikste leer in Romeine 6 is dat die genade en nie die wet essensieel is vir die uitoefening van die regverdige en heilige staat, d.w.s., die lewe van die nuwe mens (Romeine 6:14).

Mense wat “onder die wet” lewe, het 'n wettiese instelling waarin hulle hulself inspan om die wette te gehoorsaam en hulself te regverdig (deur te beweer dat hulle die werke van die wet onderhou). Hul motief om die wet te gehoorsaam is ang vir die bestraffing van God, of 'n verlanse om hul verlossing self te verdien of 'n beloning te ontvang.

Maar mense wat “onder die genade” lewe, is diep oortuig dat hulle al geregtig is deur die soewereine en vrye genade van God toe hulle in Jesus Christus gaan glo het. Hul besef dat God hulle liefhet bewerk in hulle 'n heilige verlanse en die wil om God te gehoorsaam. Wat hul motiveer om God te gehoorsaam is God se liefde vir hulle en hulle liefde vir God. Hul doel om God te gehoorsaam is om God te verheerlik.

(5) Wat is die sekerheid van die heiliging?

Die sekerheid dat 'n Christen 'n (wedergebore) nuwe mens geword het of in die staat van heiliging gekom het, is aan die een kant *die letterlike dood* en opstanding van Jesus Christus 2000 jaar gelede en aan die ander kant in *die geestelike dood* en opstanding van die Christen met Christus op die moment wat hy in Jesus Christus glo. So seker as wat die gevolg van die dood van Jesus Christus sy opstanding is, so seker is die gevolg van die Christen wat vir die mag van die sonde sterf, die opstanding tot 'n nuwe, regverdige en heilige lewe! Die dood en opstanding van Jesus maak die regverdige en heiliging van die Christen baie seker! Christene het 'n deel aan die dood van Jesus Christus ten einde ook 'n deel te hê aan sy opstandingslewe. Op grond van die eenmalige beslissende geestelike dood en opstanding met Christus, *kan, wil en sal* opregte Christene die nuwe, regverdige en heilige lewe vir God sigbaar toon (Romeine 6:8-11)! Daarom behoort Christene nie alleen hulself te offer as slawe vir God (Romeine 6:13) nie, maar *wil, kan en sal* hulle die wil van God doen (Romeine 6:16)! Christene is nie alleen verplig om te gehoorsaam nie, maar word tot gehoorsaamheid gebring ondanks die feit dat hulle natuur nog onvolmaak geheilig is. Hulle kan nie anders as om te gehoorsaam nie, omdat Filippense 2:13 sê: “Dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer” (sien Romeine 8:30; Filippense 1:6; 1 Petrus 1:1-2).

Daarom het ons as Christene die sekerheid dat die mag van ons sondige natuur nooit die absolute heerskappy of beheer oor ons meer kan of sal kry nie, nie nou nie en ook nie in die toekoms nie! Die genade van God wat aan ons geskenk word in ons geestelike dood en opstanding met Christus, waarborg dat ons *wil, kan en sal* voleindig wat ons behoort te doen! Die oorwinning is seker (Romeine 8:31,37). Die stryd teen die sonde en ons sondige natuur is nie meer hopeloos nie, omdat die mag van die sondige natuur effektief (voldoende) gebreek is. Die triomf van die heiliging word

gewaarborg deur die volbragte verlossingswerk van Christus (Johannes 19:30). Dit is regtig goeie nuus! Dit is die evangelie!

6:17

Vraag 2. Wat word bedoel met “van harte gehoorsaam geword het aan die leer soos julle dit deur die oorlewering ontvang het”?

Aantekeninge.

(1) Wat is hierdie (letterlik:) “vorm of patroon van onderrig”?

“Die vorm (patroon) van onderrig” (Grieks: *typos didachés*) (ANV: die leer soos julle dit deur die oorlewering ontvang) is “die patroon of die standaard van die Christelike onderwys” (met betrekking tot haar inhoud en haar metode/benadering), wat deur die apostels gebruik is en deur hulle in die Nuwe Testament opgeteken is. Dit is die juiste en vasgelegde patroon van onderrig van Christelike leerstellings (sien 2 Timoteüs 1:13). Dit word veral in die brief aan die Romeine geïllustreer en was ook bekend aan die apostel Petrus (2 Petrus 3:12,14-16). Hierdie “juiste en vasgelegde patroon of vorm van Christelike onderwys moet die denke (leer) en die gedrag (praktyk, lewe) van die Christen reël of orden. Dit leer byvoorbeeld die enige ware metode vir die regverdiging (verlossing) en vir die heiliging. Dit is die volledige Christelike leer vir geloof en praktyk, d.w.s., alle Christelike leerstellings wat alle Christene in die wêreld behoort te glo en alle Christelike praktyke wat alle Christene in die wêreld behoort te gehoorsaam.

In Handeling 20:17-35 sê die apostel Paulus dat dit sy taak is om die evangelie van genade sonder aarseling te verkondig en ook “die heilsplan van God in sy volle omvang” te verkondig. Hy verkondigde die dood en opstanding van Jesus Christus. Hy het die noodsaak van bekering en geloof in Jesus Christus geleer. Hy het die Koninkryk van God verkondig net soos Jesus Christus in sy gelykenisse. Hy het in Handeling 20:17,28-30 geleer dat in ’n gemeente:

- die raad van oudste die leiding het
- die oudstes op mekaar moes pas
- die oudstes die opsieners (letterlik: biskoppe) van die gemeente moes wees
- die oudstes moes toesien dat valse leraars nie die waarheid van die Bybel verdraai nie
- die oudstes die skaapwagters (herders, pastore) van die gemeente moes wees
- die oudstes veral vir die swakkes en behoefteiges moes sorg.

Paulus het ook geleer dat die geloof in die gesonde leer die enige ware metode vir verlossing (regverdiging en heiliging) is (Romeine 6:17). Ook Christene vandag mag nie “die vorm of patroon van die Christelike leer of onderwys en praktyk” verontagsaam nie. Hulle mag dit nie verander nie, daaraan byvoeg of daarvan wegneem nie (2 Korintiërs 4:2,6; Openbaring 22:18-19)!

(2) Christene is onderworpe aan hierdie vorm van onderrig.

Paulus sê nie dat die juiste en vasgestelde vorm van onderrig aan Christen oorgeleer is, sodat hulle dit mag verklaar en gehoorsaam soos hulle wil nie. Inteendeel, alle Christene in die geskiedenis is oorgegee aan die juiste en vasgelegde vorm of patroon van die leer en lewe (onderrig en praktyk) soos deur die apostels in die Bybel vasgelê! Op soewereine wyse het God alle Christene in die wêreld en in die menslike geskiedenis onderwerp aan sy heilsplan in sy volle omvang (aan die reëls vir geloof en praktyk) soos in die Bybel geopenbaar. Dit impliseer dat alles wat God wil dat Christene glo en doen objektief is. Dit is nie subjektief nie of afhanklik van die tyd, omstandighede of eie uitleg van mense nie! Die inhoud van die Bybel is nie deur mense uitgevind nie, maar is deur God geopenbaar (sien 1 Korintiërs 2:9-10). Die Christelike leerstellings en praktyk is deur God besluit en nie deur die kerk, kerklike konsilies of kerklike leiers (bv. pouse) nie. Op soewereine wyse het God Christene beveel wat hulle moet glo en hoe hulle moet lewe! Christene mag nie op selektiewe wyse alleen maar bepaalde waarhede in die Bybel glo of praktiseer en die res verwaarloos nie. Christene word op soewereine wyse “aan die heilsplan van God in sy volle omvang onderworpe”⁴

(3) Christene gehoorsaam hierdie vorm van onderrig van harte.

Christene word nie passief van één baas na ’n ander baas oorgeplaas nie. Volgens Romeine 6:16-17 nadat God op soewereine wyse die mag van die sonde in hulle gebreek het, het Christene vrywillig, opreg en met vreugde hul slawerny aan die sonde opgegee en hulself aan gehoorsaamheid aan God gegee. Dit impliseer dat ’n mens wat Jesus Christus as Verlosser aanneem, Hom ook as *Heer/Meester* (baas) aanneem! Die mens wat tot Jesus Christus kom vir die regverdiging, kom ook tot Jesus Christus vir die heiliging! Gehoorsaamheid aan die oproep om jou geloofsvertrou in Jesus Christus as jou geregtigheid te stel, impliseer die oproep om die hele geopenbaarde wil (heilsplan) van God te gehoorsaam (Handeling 20:27)! En God se geopenbaarde wil (heilsplan) kom na ons toe in die juiste en vasgelegde vorm of patroon van leerstellings (onderrig) en lewensdade (praktyk soos in die Bybel geopenbaar! Om hierdie juiste en vaste vorm van onderrig te begryp, moet Christene meer Bybelstudie doen en selfs hele Bybelboeke in hul verband bestudeer in plaas van om alleen maar te steun op bepaalde kerklike leerstellings en geloofsbelydensisse wat gebaseer is op selektiewe Bybelverse wat hier en daar deur die Bybel versprei staan.

⁴ Alle menslike geloofsbelydensisse is hieraan onderworpe!

6:19

Vraag 3. Hoe kan Christene prakties die lede van hul liggaam beskikbaar stel ten dienste van die geregtigheid tot heiliging?

Aantekeninge. Die Ou Testament en die Nuwe Testament lê die nadruk op die toewyding van die lede van jou liggaam en ook jou menslike vermoëns in die stryd teen die sonde. Positiewe toewyding van die lede van jou liggaam beteken die volgende:

- Spreuke 4:23. Wees veral versigtig met wat in jou *hart* omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.
- Spreuke 4:26-27. Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree. Moenie links of regs wegdraai nie.
- Spreuke 15:30. Stralende *oë* bring blydskap.
- Spreuke 19:20. Luister (met *ore*) na raad, aanvaar wat jou geleer word, sodat jy uiteindelik wysheid kan hê.
- Spreuke 24:16. Al val die regverdige hoeveel keer, hy staan weer op.
- Spreuke 24:27. Sit eers jou werk buite aan die gang en bewerk jou lande (met *hande*), daarna kan jy huis bou.
- Spreuke 24:32. Gebruik jou *oë* om te observeer en lesse te leer.
- Spreuke 25:15. Geduldige en vriendelike woorde uit jou *mond* kan baie oortuigend wees.
- Filippense 4:8. Dink met jou *verstand* aan alles wat waar, edel, reg, rein, mooi, prysenswaardig, deugsam en waardig is.

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 6:12-23.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 6:12-23.

- 6:12. Maak 'n toewyding om jou aan die heerskappy van Jesus Christus te onderwerp en nie langer meer toe te laat dat jou sondige natuur die heerskappy in jou liggaam voer nie. Gehoorsaam nie meer die slegte begeertes van jou sondige natuur nie.
- 6:13,19. Maak 'n daaglikse toewyding om die lede van jou liggaam (jou verstand, hart, oë, ore, tong, hande, voete, ens. beskikbaar te stel as werktuie om dinge te doen wat reg en heilig is in God se oë.
- 6:14. Besluit om te stop om “onder die wet” te lewe, d.w.s., in jou eie krag te probeer om jouself te regverdig (te verlos) of om die werke van “die wet te doen” bv. op bepaalde dae na die sinagoge, kerk of moskee te gaan, die godsdienstige praktyke te onderhou (soos rituele gebede, vas, geld gee, pelgrimsreise) en onderskeidende godsdienstige kleredrag te dra, bepaalde godsdienstige feeste te vier, bepaalde voedselwette te onderhou, en dan te dink dat jy God behaag wanneer jy jou familie en ander mense dwing om ook hierdie dinge te doen. Besluit om “onder die genade” te lewe, d.w.s. te glo dat jy alreeds geregverdig is deur wat Jesus Christus vir jou gedoen het. God het jou regverdig verklaar en beskou jou as sy kind. God het jou al “heilig” verklaar en aan jou die vermoë gegee die sonde te weerstaan en God te gehoorsaam. Verheug jou in God se genade en gebruik God se genade om die nuwe en heilige lewe te ly. deur die lede van jou liggaam beskikbaar te stel as werktuie van geregtigheid en heiligheid.
- 6:16. Besef dat wanneer iemand die lede van sy liggaam beskikbaar stel ten dienste van die ongeregtigheid, onreinheid en onheiligheid, hy nog steeds 'n slaaf is van sy sondige natuur. Gehoorsaamheid aan die sondige natuur lei tot die dood in die volste sin van die woord (Romeine 6:23a).
- 6:17. Gehoorsaam “die vorm of patroon van die christelike leer of onderwys waaraan alle Christene in die wêreld onderworpe is en in die Bybel opgeteken staan. Leer hierdie vasgestelde vorm van onderwys ken en gehoorsaam, sodat jy dit jou oortuiging en toewyding bly bepaal. Byvoorbeeld, Romeine hoofstuk 6 leer die juiste manier vir die regverdiging en die heiliging.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 6:12-23.

Ek het myself toegewy aan die nuwe, regverdige en heilige lewe sodat ek God kan verheerlik.

Ek wil my bly toewy om die juiste *vorm/patroon van die christelike leer/onderwys* te leer ken en te gehoorsaam. Ek besef dat die brief aan die Romeine een van die beste voorbeelde in die Bybel is van hierdie juiste vorm van christelike onderwys: *wat ek behoort te glo en en hou ek behoort te lewe*. Daarom bly ek die brief aan die Romeine bestudeer en ook aan ander Christene te onderwys.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 6:12-23.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
----------	-------------------------	---

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 6:12-23 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Psalm 84, 90, 91 en 92**. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: **(1) God is onvergelykbaar. Jesaja 40:25-26**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van "n blinde wat 'n ander blinde lei"** in Matteus 15:14 en **die gelykenis van "die verstandige en dwase bouers"** in Matteus 7:24-27 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.